LAERSKOOL HENDRIK LOUW NASORGOOREENKOMS 2025

Hierdie ooreenkoms word aangegaan tussen Laerskool Hendrik Louw Nasorg van die volgende adres: Laerskool Hendrik Louw, Piet Retiefstraat, Strand, 7140

en

---------- (OUER/Kontrakterende party: voornaam en van)

---------- (OUER/Kontrakterende party: ID nommer)

van

---------- (OUER/Kontrakterende party: adres)

LEERDER

NAAM, VAN & GRAAD (in 2025)

1._____Graad_____

vir en namens die ouer(s)/kontrakterende party en kind en met die toestemming van alle belanghebbende partye. Die partye kom ooreen om hierdie ooreenkoms aan te gaan op die terme en voorwaardes soos uiteengesit in die inligtingsbrief.

1. EFFEKTIEWE DATUM & TERMYN

Hierdie ooreenkoms word van krag op **10 Januarie 2025** of ‘n datum wat deur die partye skriftelik ooreengekom word en duur tot **12 Desember 2025** onderhewig aan kansellasie ingevolge punt 5 hieronder.

2. DIENSTE AANGEBIED

Soos uiteengesit in die inligtingsbrief.

3. BETALING

- Kostes beloop **R1 600.00 per maand vir 'n tydperk van 11 maande.**
- **Betaling geskied voor of op die 1ste dag van elke maand.**
- **Betaling is altyd vooruit betaalbaar**.
- Die eerste betaling is betaalbaar voor of op **1 Januarie 2025**.
  Die laaste betaling is betaalbaar voor of op **1 November 2025**.
- Indien u rekening agterstallig is, sal die leerder nie toegelaat word om die nasorgfasiliteit by te woon, totdat die rekening ten volle vereffen is nie.

Bankbesonderhede

Standard Bank

Laerskool Hendrik Louw
Standardbank Somerset Wes
Rekeningnommer: 063 164 825
Lopende Rekening/Current Account
Verwysing: Leerder se individuele skool rekeningnommer soos op u skoolstaat

4. **AANSPREEKLIKHEID**

Die ouer(s)/kontrakterende party kom ooreen en onderneem om Laerskool Hendrik Louw Nasorg en die personeel sowel as Laerskool Hendrik Louw te vrywaar ten opsigte van alle en enige aanspreeklikheid en ten opsigte van alle en enige aksies, prosedures, eise, skade, rente, koste en uitgawes vanweë enige liggaamlike skade / beserings van watter oorsaak ookal, wat die kind mag ly, tensy veroorsaak deur die growwe nalatigheid van Laerskool Hendrik Louw Nasorg, die personeel sowel as Laerskool Hendrik Louw.

5. **KANSELLASIE**

Enige van die partye mag hierdie ooreenkoms met of sonder rede kanselleer met een kalendermaand skriftelike kennisgewing aan die ander party. In geval van ernstige gedragsprobleme behou Laerskool Hendrik Louw Nasorg die reg om dienste aan die betrokke partye te staak.

6. **DOMICILIUM**

Die partye verkies hulle onderskeie *domicilia citandi et executandi* by die adresse wat onder hul naam by die aanhef van hierdie ooreenkoms verskyn, vir die doeleindes van die ooreenkoms asook enige regsaksie (insluitende betekening van regsprosesstukke soos dagvaardings) wat uit die ooreenkoms mag voortvloei.

Geteken te Strand op hierdie _____ dag van _____ 202_

_____
Me S. Chamberlain
SBL: Laerskool Hendrik Louw

_____
Mnr Jacques Horne
Skoolhoof

_____
Ouer/Kontrakterende party
met toestemming van alle belanghebbende partye